

Pretoria- Nabetrugting (Bevestiging br Anton Enslin as ouderling)

**Skriflesing:** Openbaring 2:12-17

Teks: **Openbaring 2:17c**

**Sing- Ps.98:1; Ps.118:11; Ps.89:1,3**

Om te kon eet van die verborge manna, het dadelik 'n belofte daarby. Broeder en suster, hier staan werklik 'n dubbele belofte soos wat daar op die tafel dubbele versekering aan ons gegee was. Die brood en die wyn, wat teken en seël was, van die liggaam van Christus en sy bloed wat vir ons gestort was, maar nou wil ons ook die tweede deel van God se belofte in hierdie deel ons eie maak. Hierdie slot wat in die brief aan die gemeente van Pergamus staan gee aan hierdie gemeente 'n dubbele belofte. *Ek sal hom gee om te eet van die verborge manna ...* En dan kom daarby- *Ek sal hom gee 'n wit keursteen en op die steen 'n nuwe naam geskrywe, wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang...*

As Jesus met hierdie gemeente praat, Pergamus en die belofte word aan hulle gegee, dat daar 'n wit klippie met 'n nuwe naam aan hulle gegee kan word, dan is ons daarby ingesluit. Die Here sou nie aan hulle dit wou gee wat Hy nie ook aan ons wil gee nie. Die Here Jesus wat Homself klaar aan ons as die brood uit die hemele gegee het, Hy het ons vanoggend terugeneem na waar die diepte en die geheim van die verborge manna vandaan kom. As Moses saam met die honderde duisende in die woestyn elke dag in hulle massas tonne en tonne manna kon optel, dit is groot hoeveelhede waarvan ons moet praat, dit bly manna wat vir die massas gegee was. Tog moet u by hierdie nabetrugting dadelik die besondere van hierdie tweede belofte vandag raaksien.

Eenkant is daar die honderde duisende wat saam die manna kon eet, brood uit die hemel, watter voorreg om dit te kon ontvang, in hulle groot getalle, maar hierdie tweede belofte kom nou en word daar nie in die massas ingespraak nie, daar word met jou en my, elkeen op ons naam, eiesoortig soos wat God vir jou gemaak het, gepraat. Net jy, op jou naam wat God jou gegee het, niemand ken die naam nie, net God en jy wat dit ontvang het en tog is dit 'n geskryfde naam. So seker soos die Woord van God hier voor ons geskryf staan, so is hierdie 'n nuwe naam wat geskrywe is, *wat niemand ken nie, behalwe hy (sy) wat dit ontvang.*

\*\*\*

Hier het ons soos by die verborge manna weer die voorreg om in die Ou Testament die ware betekenis daarvan te soek. Ons het kon sien hoe die Here ons voed, nou sien ons hoe die Here verder na ons kyk. Hoe sien die Here sy kinders, ja dit gebeur op so 'n besondere wyse waar die hoëpriester sy volk simbolies op sy hart gedra het. Sy gewyde uitrusting wat die

Pretoria- Nabetrugting (Bevestiging br Anton Enslin as ouderling)

priester moes aantrek het ook 'n borstas ingesluit. Op sy bors, op daardie borstas wat simbolies op sy hart gedra word, was daar twaalf edelgesteentes vasgewerk met die name van die twaalf stamme van Israel op elke steentjie ingegraveer. Wanneer die hoëpriester dan in die allerheiligste van die tempel sou ingaan, dan het hy reeds hierdie uitrusting aangehad en wanneer hy vir die sonde van sy volk versoening doen deur die offerbloed op die versoendeksel van die verbondsark te sprinkel, dan het hy eintlik die hele volk daar saam met hom in die allerheiligste ingedra, almal van hulle soos hulle in hulle twaalf stamme ingedeel was, hy het namens hulle gehandel. Hy wat hierdie volk simbolies daar op sy hart die allerheiligste indra, elke stam se naam op 'n steentjie ingegraveer op sy borstas vasgewerk. Dit wat hier gebeur moes herhaaldelik plaasvind, voortdurend moes die priester die volk van die Here op sy hart dra, elke stam het op die wyse eintlik voor die Here verskyn.

Hierdie volk wat ons weet so wederstrewig was, ongehoorsaam, opstandig, hoe het hulle selfs afgode gedien (dit het ons uit die reeks van Esegïël aanmekeer gehoor), daar was geeneen wat kon verdien dat sy naam op 'n edelsteen, in ons terme het niemand dit kon verdien dat jou naam op 'n diamant geskryf staan nie. Maar wat gebeur wanneer die hoëpriester die allerheiligste ingaan, daardie bloed word gesprinkel, dan sien die Here sy volk aan as edelstene, gedra op die hart van sy hoëpriester.

Dit het vir Israel en sy hoëpriester gegeld, maar ons wat vandag van die verborge manna kon hoor, ons wat die brood uit die hemel kon eet, daar is op hierdie oomblikke vir ons ook 'n Hoëpriester in die allerheiligste. Hy is ons Here Jesus Christus wat na die hemel opgevaar het. Hy staan daar voor die troon van God en Hy dra ons op sy hart. Hy verseker ons dat Hy nie maar net twaalf klippies by Hom het nie, maar elke ware gelowige is inderdaad by Hom soos 'n keursteen, 'n edelsteen met jou en my spesiale naam reeds daarop gegraveer. Vir elkeen van sy kinders het God 'n spesiale plek in sy hart wat Hy met niemand anders deel nie. As God na ons kyk, dan kyk Hy na ons nie in ons sonde-verlorenheid, ons ongehoorsaamheid, traagheid en liefdeloosheid nie, nee Hy sien ons gedra op die hart van ons Hoëpriester, as keursteen, op die hart van Jesus Christus wat daar by God die Vader is.

In die profesie van Sefanja staan in Sefanje 3:17 hierdie besondere woorde, wat mens eintlik woord vir woord moet indrink- *Die Here jou God is by jou, 'n held wat verlossing skenk, Hy verheug Hom oor jou met blydschap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel.* Wat

Pretoria- Nabetrugting (Bevestiging br Anton Enslin as ouderling)

hierdie profeet Sefanja dit baie duidelik wou maak, drie keer word daar direk na ons, ja na jǒú gewys, as ons lees van hoe God by jou is, oor jou bly is, oor jou, met jou wil Hy jubel. Saamgevat gaan dit tog oor God se ongelooflike liefde vir jou. Die vertaling van... *Hy is stil tevrede in sy liefde* is eintlik vir my 'n goeie vertaling. *Hy swyg in sy liefde...*

God wat alleen God is, Hy is in die hemel en ons op die aarde, sy gedagtes veel hoër as ons gedagtes, maar as ek mag hoor soos wat die hoëpriester die kinders van Israel op sy hart dra, hoeveel nader is God aan ons, op die hart van ons Hoëpriester is daar aan my 'n wit keursteen gegee, 'n nuwe naam is daarop geskrywe, 'n naam wat niemand ken nie, want hierdie naam is vir jou gegee, daar waar jy in God se hart is.

As ons lees van 'n nuwe naam, dan moet ons beseef daar was ook my ou naam. As Jakob in Gen. 32 :22-32 die hele nag deurworstel, dan word daar vroeg in daardie nag se deurworsteling vir Jakob gevra- *Wat is jou naam?* En toe het Jakob sy ou naam bekend gemaak. Jakob se ou naam, die naam wat beteken bedrieër, en dit was Jakob, waar dit alles nou vir hom te veel geword het, hy wat uit die verminking van sy heup as oorwinnaar na vore mag kom, vermink in sy heup, maar dan word hy daar in die Jabbokrivier by Pniel geseën. En die seën sluit in dat Jakob kry 'n nuwe naam. Hy sal nou Israel genoem word. Israel wat beteken stryder van God, want het hy gesê- hy het teen God en die mense 'n stryd gevoer en dit enduit volgehou.

Met die nuwe naam is die slegte inhoud van die ou naam Jakob omgeruil. Daar het 'n groot inruiling plaasgevind, wat eintlik alles na Jesus Christus, ons Hoëpriester heenwys. Die groot inruiling wat in Christus vir ons kon plaasvind. Ons ou name het Hy kon omruil, vir die steentjies waarop nuwe name geskryf kan staan. Met die nuwe naam het Jakob kon weet noudat ek God van aangesig tot aangesig kon sien, met God het ek geworstel, daarom kan ek my lewe in berouvolle belydenis aan God oorgee, daar is dié naam wat nou die borstas sal in- nl. Israel. In hierdie borstas, in hierdie nuwe naam gaan daar 'n nuwe toekoms vir my oop. En dit nog alles soos Sefanje dit stel oor God se ongelooflike liefde vir jou!

As daar vandag na hierdie Nagmaal aan u gevra sou word- wat is jou naam en ons noem ons ou name, dan sal ons ook moet antwoord, hierdie ou naam is 'n besmette naam. Dit is besmet met my verlede, dit is besmet met wat ek vandag nog weer teenoor U gesondig het, maar as

Pretoria- Nabetrugting (Bevestiging br Anton Enslin as ouderling)

ons besef elke kind van die Here is vir Hom soos 'n spesiale juweeltjie met 'n spesiale naam daarop dan besef ons God werk met ons so anders as wat ons as mense met mekaar werk. Die wêreld waarin ons leef is so geneig om van mense nommers te maak, maar ons Here werk juis andersom. Hy maak juis van nommers- mense!

Dink maar, wie is jy nou eintlik. Die Here wat van nommers mense kan maak. Waar kom jy vandaan, hoekom is jy soos jy is, wat jy is en waar jy is... As bevrugting plaasvind wat vir u en my die lewe ingebring het, dan was daar baie nommers. Uit 'n kans van miljoene sperme en eiertjies het twee selle bymekaargekom en daar het 'n nuwe lewe tot stand gekom. Ons ouers weet nie eers wanneer die presiese bevrugting plaasgevind het nie en toe dit gebeur moes hulle in alle geval die volle wagtyd omwag om eers met ons geboorte te sien wie en wat ons nou eintlik is. En hierdie nommers, duisende selle beweeg bymekaar, net twee word een, dit is die huwelik binne die vrou, waar man en vrou één is en die nommers word mense. Die eenwording bepaal jou hele samestelling, jou fisiese voorkoms, jou beenstruktuur, die kleur van jou hare, jou oë, jou bouvorm, maar selfs daaruit kom jou temperament, jou aanleg, jou verstandelike vermoëns... Dit is wie jy nou is. Dié jy wat by die Nagmaal was, dié jy wat die lewe nou weer moet ingaan, 'n sameloop van baie nommers, 'n sameloop van 'n kans uit miljoene en tog het jy op die hart van God gekom, die Here dra sy kinders op die hart, die borstas is vol klippies met almal se name nie maar op een steen geskrywe nie, maar elke keursteen dra 'n aparte naam, jy wat dit ontvang moet dit weet.

As hy wat vandag ouderling gaan word dit dan ook besef. Die Here wil vir jou en juis nou vir jou en nie iemand anders nie daar in Upington gebruik. Waarom en waarvoor die Here jou in hierdie gemeente geplaas het, maar jy tog daar moet wees, dit is die besondere van hierdie bevestiging. Watter voorreg moet dit ook nie vir jou wees nie?! Daar is niks gebeure, niks toevallig nie. Party keer worstel ons met watter doel dien ek nog. Daardie eindelose depressie en neerslagtigheid wat mens kan laat voel dat jou lewe vir jou so sinloos geword het.

Kyk dan op na die Hoëpriester, wat Hy in sy Woord daar in sy borstas vir jou op jou hart wil druk is dat jy reeds op sy hart is. Al mag ek so baie dinge dalk nie verstaan nie. Dawid het so 'n tyd deurgegaan alhoewel hyself die slegte inleiding daarvan was. Hy het met Batseba die nommer-spel verkeerdlik gespeel, verkeerdlik met haar gemeenskap gehad en daardie

Pretoria- Nabetrugting (Bevestiging br Anton Enslin as ouderling)

kindjie daaruit gebore, nadat Dawid ook vir Uria Batseba se eintlike man gedood het. Nou was Dawid se lewe rondom hierdie kindjie vasgekeer. Die nommers het 'n mens geword. Ons weet nie eers wat die kindjie se naam was nie, want hy is nooit op hierdie aarde op 'n naam genoem nie. Hy het mos maar eintlik skaars 'n week oud geword, maar was hierdie kort lewetjie nou niks werd nie. Nee, hierdie vir ons naamlose kindjie, vir die Here het hy 'n naam gehad, hierdie boetie van Salomo was eintlik vir die Here en sy koninkryk reeds van onskatbare waarde. By die Here het hy reeds 'n spesiale naam gehad wat niemand anders ken nie- 'n plek wat niemand anders kon vervul nie.

Nou sien ons hoe Dawid daar in 2 Sam 12 geworstel het, toe die kindjie nog gelewe het, het Dawid daar op die grond gelê en huil. Aanhoudend, maar toe is die kindjie dood. En dan doen Dawid wat ons laat besef hoe God met ons werk. Dawid begryp hierdie ding van die kind het reeds 'n nuwe naam al het my naam nog nie eers kon uitkom nie. Van die mooiste dinge wat Dawid kon sê het hy rondom hierdie kindjie se dood gesê- *Ek gaan na hom, maar hy sal na my nie terugkeer nie...* Daar by die tempel het hy dit gesê – ek gaan waar die kind klaar gegaan het, ek moet nog kom waar die kind klaar gekom het... *ek gaan na hom, maar hy sal na my nie terugkeer nie.* So is Dawid deur God getroos. Die dood van die kind het juis Dawid in sy doodloop kon laat omdraai.

Dit wat maar eintlik alles heenwys na die dood van nog 'n Kind. Hoe die dood van die Kind van God die omdraai in ons doodloop moet wees. As dit nie was dat Jesus vir ons gesterwe het nie, dan sou ons nooit uit ons doodloopstraat kon uitkom nie. God het aan hierdie naamlose kind 'n spesiale naam gegee en aan sy kortstondige lewetjie 'n onuitblusbare betekenis.

Besef dan met hierdie nabetrugting u besondere uniekheid, u besondere roeping, u is nie maar in die maalstroom van die lewe 'n identiteitlose ding, 'n naamlose nommer nie. In Christus is u en ons elkeen, ook hy wat nou ouderling gaan word, is daar 'n heel besondere doel en plek waaraan ons moet beantwoord. Dit wat Christus spesiaal vir jou bestem het. Op sy hart word ons gedra, met 'n nuwe naam, wat ek nie ken nie. As ek vir u sou vra- wat is jou naam? God weet en jy weet. In alle geval as jy 'n oor het luister na wat die Gees aan die gemeentes sê- *Aan hom wat oorwin... sal Ek gee 'n wit keursteen en op die steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.* AMEN